# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**JUNIE 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 70**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit _13_ bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | KORTVERHALE | [40] verwerk na | (35) |
| AFDELING B: | GEDIGTE | [40] verwerk na | (35) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A: KORTVERHALE

**Beantwoord AL die vrae wat volg.**

**Vraag 1: Aspoestertjie en die drie bere (Nelia Engelbrecht)**

**Lees die uittreksel uit die kortverhaal en voer die instruksies wat volg, uit.**

> ***Die volgende dag staan ek weer op Triz se balkon en kyk na die De Beers se agterplaas. Daar is geen teken van die broers nie. Dalk is my bikini in die aantrekkamertjie langs die patio. En dalk is dit nie gesluit nie. Ek gaan net gou inloer.***
>
> ***"Waarheen gaan jy?" vra Triz toe ek by haar verbystap waar sy voor haar rekenaar sit.***
>
> ***"Ek's nou terug," sê ek.***
>
> ***Veiligheidshalwe lui ek die bure se voordeurklokkie, maar niemand maak oop nie.***
>
> ***Ek loop agtertoe. Die deur van die aantrekkamertjie is nie gesluit nie. Ek stap binne. Wow! Hulle het dit lekker ingerig: tot 'n yskassie en 'n rusbank. Ek maak die kas se deur oop, druk my hand tussen die opgevoude handdoeke in en voel-voel tot heel agter. My vingerpunte vat iets raak.***

**1.1 Gee die name van die De Beer broers. (3)**

**1.2 a. Wat wou Corli by die De Beers se huis kry? (1)**

**b. Hoekom het sy nie net vir haar 'n ander een gekoop nie? (1)**

**1.3 Elkeen van Corli se vriendinne het iets wat hulle spesiaal maak. Wat doen Corli wat haar spesiaal maak? (1)**

**1.4 Wat het in Corli se lewe gebeur wat haar laat besluit het om nie in "liefde" te glo nie. (1)**

**1.5 Die volgende stelling is WAAR. Verduidelik waarom ons dit kan sê.**

**Corli-hulle sukkel finansieël. (1)**

**1.6 Wat het Kristen gedoen wat veroorsaak het dat Corli beseer is? (1)**

**1.7 Wat het Gareth gedoen wat Corli in 'n prinses verander het? (1)**

**[10]**

**<u>Vraag 2: Gulsige Harry</u> (Jack Byrne)**

**Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.**

> ***Muriel sug en leun terug in haar stoel. Harry hou haar fyn dop terwyl hy die vier akwariums leegmaak wat in die vertrek uitgestal is, maar sy sit net daar met 'n simpel glimlag op haar gesig. Harry het nie verwag dit sal so maklik wees nie. In die laaste akwarium is Muriel se klein, helderkleurige Suid-Amerikaanse paddas. Hy moet 'n hele paar van hulle verwyder om by die kristalpadda met die diamant oë te kom.***
>
> ***"Het jy hulle versigtig hanteer?" Muriel se stem is sag. "Ek hoop nie jy het hulle net uit die pad gestoot nie."***
>
> ***Harry steek die kristalpadda in sy sak en roer sy vingers. "Moenie jou bekommer nie, Muriel. My vingers het baie saggies gewerk."***
>
> ***"Is jy seker jy het net met jou vingers aan hulle geraak?"***
>
> ***"Wat wil jy hê? 'n Getekende beëdigde verklaring?" Harry loop na haar. "Ek gaan jou nou vasmaak..."***

**2.1 Wat was Muriel se werk voor sy jare gelede met Hugh Livingston getrou het? (1)**

**2.2 Skryf die volgende sinne in die volgorde waarin dit in die storie gebeur het. Skryf die sinne voluit neer.**

- **Harry kon nie langer staan nie.**
- **Harry kom ongenooid vir Muriel kuier.**
- **Harry steel Muriel se paddas.**
- **Muriel belowe om die ambulans te bel. (4)**

**2.3 Noem twee tipe paddas wat Muriel by haar huis aangehou het. (2)**

**2.4 Waarvoor word die Suid-Amerikaanse pylpaddas eintlik gebruik? (1)**

**2.5 Noem een simptoom wat wys dat Harry vergiftig is. (1)**

**2.6 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.**

**Muriel het die meeste omgegee vir haar (kristal/lewendige) paddas. (1)**

**[10]**

**Vraag 3: Groete uit Alaska (Nelia Engelbrecht)**

**Lees die uittreksel en beantwoord dan die vrae.**

| |
|---|
| ***Die voordeurklokkie lui. Sy glip haar plakkies aan en draf voordeur toe. Dis die spyseniers.*** <br><br> ***"Die kombuis is diékant," beduie sy.*** <br><br> ***In die gang knipoog sy vir ouma Salomé se portret. Haar ouma het destyds die familie se groot kunsateljee begin en die familiefortuin opgebou. Nice ou tannie gewees, veral omdat sy vir haar enigste kleinkind en naamgenoot so 'n gawe trust nagelaat het.*** <br><br> ***Dan frons Lomé.*** <br><br> ***Dit was regtig nie mooi van haar pa en ma om haar trustgeld so van haar weg te hou nie. Asof sy nie van kleins af al weet hoe om met geld te werk nie. Kyk maar net watter goeie prys sy verlede maand gekry het vir haar pa se 4x4 en haar ma se juwele. Boonop het sy nie die geld op allerhande nonsens spandeer nie.*** |

**3.1 Hoekom is die spyseniers by Lomé se huis? Wees spesifiek. (1)**

**3.2 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **3.2.1 Lomé het bedrog gepleeg.** | **A. Sy het haar pa se wagwoord geken.** |
| **3.2.2 Hierdie insekte het Lomé baie gepla.** | **B. Sy het 'n gawe trust nagelaat.** |
| **3.2.3 Lomé het baie geld by haar ouma geërf.** | **C. Muskiete.** |
| **3.2.4 Lomé kon al die rekeninge betaal.** | **D. Sy maak mense se handtekeninge na.** |
| | **E. Miere.** |

**(4)**

**3.3 Hoe het Lomé haar ouers "gestraf" omdat hulle nie haar trustgeld vir haar wou gee nie? (1)**

**3.4 Wie het vir Lomé gebel? (1)**

**3.5 Waar, het Lomé vir die persoon gesê, was haar ouers? (1)**

**3.6 Waar is hulle eintlik? Wees spesifiek. (1)**

**3.7 Watter gif het Lomé gebruik om haar ouers in hierdie plek in 3.6 te sit? (1)**
**[10]**

**<u>Vraag 4: Die boereworsresep</u> (Dez Bezuidenhout)**

**Lees die uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg.**

***"Stap maar reguit aan."***

***Ver voor hom in die lang skemer gang skyn daar lig vanuit 'n deur.***

***Kobus stap verby gapende donkertes van oop vertrekke tot in die eetkamer. Die vertrek is karig verlig met 'n parafienlamp wat in die middel van 'n swaar donkerbruin eetkamertafel staan.***

***"Sit solank. Ek gaan gou vir Sus roep." Die ou vrou verdwyn deur 'n ander deur. Hy bekyk die vertrek.***

***Tyd het hier gaan stil staan. Teen die muurlyste hang ou swaar geraamde portrette van familie met stram gesigte en kil oë wat jou dophou. Die meubels is donker, byna swart van al die jare se politoer. Dan is daar die swaar reuk van gebraaide kaiings wat van êrens kom, seker die kombuis. Kobus hoor weer die plankvloer kraak. Hulle verskyn in die deur. Hy staan op en kan sy verbasing nie verberg nie. Die twee vroue lyk so presies eenders dat hy nie kan sê wie die deur vir hom oopgemaak het nie. Toe onthou hy die swart rok en die meelvlekke. Die ander een het 'n donkerblou blommetjiesrok aan.***

***Hy staan nader en steek sy hand uit: "Kobus Lategan."***

***"Vermaak. Ek is Sus en dis Grietjie. Jammer ons kan jou nie help nie."***

***Kobus vat aan sy ken. "Kan ek julle telefoon gebruik, asseblief. My selfoon se battery is heeltemal pap."***

***"Ons glo nie in telefone nie," antwoord Sus. Dit is duidelik dat sy die dominante een van die twee susters is.***

***"Wel, dan moet ek maar gaan ..."***

**4.1 Waarheen was Kobus oppad? Gee die plek se naam. (1)**

**4.2 Hoekom het Kobus by hierdie plaashuis aangeklop? (1)**

**4.3 Gee een rede waarom Kobus by die twee ou susters sal moet oorslaap. (1)**

**4.4 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte volgorde soos dit in die storie gebeur het.**

- **Sus val deur die plafon na haar dood.**
- **Kobus word wakker en is dors.**
- **Grietjie wys vir Kobus al die geld in die brandkluis.**
- **Kobus smul aan die heerlike brood en wors.** **(4)**

**4.5 Hoekom het Grietjie vir Kobus melk gegee om te drink?** **(1)**

**4.6 Watter tipe honde het hierdie mense op hulle plaas?** **(1)**

**4.7 Wat, dink jy, het aan die einde van die verhaal met Sus se liggaam gebeur?** **(1)**

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: [40] VERWERK NA [35]**

**AFDELING B: GEDIGTE**

**Lees elke keer die gedig deur en beantwoord AL die vrae wat volg.**

**Vraag 1: "Omdat" (Antjie Krog)**

Omdat (Antjie Krog)

My maer hande steek vir jou 'n kers aan
omdat jy my maat geword het
toe ek na 'n kwartaal
nog somber alleen tussen die ander sit,
omdat jy my pouses uit die
biblioteek kom haal
om saam liedjies te sing in die saal,
omdat jy my maat bly
t.s.v. my skilferhemp en nylontrui
omdat jy lief vir my geword het
en my selfs vashou teen jou bors
t.s.v. my dimpelbene en die
ryp puisies wat op my wange kors.

My kers brand
omdat jy kaalvoet saam met my
deur die dorp loop
en wag as ek iets in 'n
supermark koop
omdat jy pouses vir my brood gee,
smiddae vir my wiskunde verduidelik
en soms oor my skoon hare vee

omdat jy my maat is en so daarin berus
al skinder almal oor jy 'n seun
en ek 'n meisie is

omdat jy verstaan as ek weg van jou kring
en agter die gordyne kruip
as jy operette sing.

Kyk hoe bewe my kers nou
Hy sê dankie en hy bid vir jou.

**1.1 Haal twee opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê dat die meisie eensaam by die skool was. (1)**

**1.2 Hoe lank was die meisie so eensaam? Haal drie opeenvolgende woorde as antwoord aan. (1)**

**1.3 Waar het die meisie gesit toe sy so eensaam was?** **(1)**

**1.4 Haal drie opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê wat hulle pouses saam gedoen het.** **(1)**

**1.5 Gee twee redes uit strofe 1 hoe ons weet dat die meisie arm is.** **(2)**

**1.6 Hoe wys die seun dat hy baie vir die meisie omgee?** **(1)**

**1.7 Met watter skoolvak het die meisie gesukkel?** **(1)**

**1.8 Waaroor skinder die ander kinders by die skool?** **(1)**

**1.9 Waarvan is die kers 'n simbool in hierdie gedig?** **(1)**

**[10]**

**Vraag 2: "Die gesteelde TV" (Peter Snyders)**

1 Wiet julle,
dai was 'n cruel ding
wat ôs gedoenit
ommie Old Age Home
se TV te steel.

2 Dink maar net:
Die ienagste plesier vannie senior citizens –
Wat dink julle discuss hulle nou?
Die gesteelde TV.

3 En hoe spend hulle hulle lonely nights?
Hulle kyk met blênk loeks
narie blênk spot
waarie TV gestaanit

4 Niks meer laat aane,
niks meer news,
niks meer kinnesprograms,
ennie kêk was saam merrie TV gesteel.

5 Terug na Springbokradio –
television sonner pictures.

Jig!
6 Dai klomp ou biene
het nou veels te veel tyd
om hulle kwale te re-examine.

7 Nei, ouens,
ôs was varke
om hulle boks speelgoed soema soe af te vat.

8 Ek sê:
Vanaand briek ôs weer in
byrie Old Age Home
en sit dai blênk blerrie ding terug.

**2.1 In watter taal praat die spreker?** **(1)**

**2.2 Wat was die "cruel" ding wat hulle gedoen het?** **(1)**

**2.3 Gee die standaard Afrikaans vir die volgende woorde:**

**a. Old Age Home** **(1)**

**b. Senior citizens** **(1)**

**c. kêk** **(1)**

**2.4 Pas die beeldspraak in KOLOM B by die voorbeelde in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.4.1 "speelgoed soema so" | A. Personifikasie |
| 2.4.2 "hulle boks speelgoed" | B. Assonansie |
| 2.4.3 "waarie TV gestaanit" | C. Metafoor |
| | D. Alliterasie |

**(3)**

**2.5 Haal een woord aan wat vir ons sê die spreker hou nie van radio-luister nie.** **(1)**

**2.6 Hoe gaan die spreker en sy maat hulle "fout" regmaak?** **(1)**

**[10]**

**<u>Vraag 3: “Om groot te word”</u> (Maryke Heyns)**

## OM GROOT TE WORD

**(Maryke Heyns)**

Om groot te word
is so tussenin.
Grootmensdinge is nog ver,
kinderdinge word min.

Kom ons lag weer vrolik
vir die maan se vet, geel gesig.
Kom ons bring die trane
oor 'n dooie voëltjie terug.
Kom ons eet weer slap-tjips
en lek ons vingers af.
Kom ons word weer kinders.
Kom ons word weer laf!

Nou huil ons in 'n kussing
en wonder waarom.
Nou raak ons verlief
en dink die wêreld glimlag krom.
Nou's ons so tussenin, vals noot,
want: ons word groot.

**3.1 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.**

**Die spreker in hierdie gedig is (‘n volwassene/’n kind/’n tiener). (1)**

**3.2 Haal twee versreëls aan wat vir ons verduidelik wat dit beteken om “so tussenin” te wees. (1)**

**3.3 Gee ‘n voorbeeld van personifikasie in strofe 2. (1)**

**3.4 Watter twee emosies word in strofe 2 genoem? (2)**

**3.5 “Kom ons eet weer slap-tjips”**

**3.5.1 Watter tipe taal vind ons in hierdie sin? (1)**

**3.5.2 Waarom is dit beter om bogenoemde woorde te gebruik in plaas van Standaard Afrikaans waar ons “aartappelskyfies” sou gesê het? (1)**

**3.6 Hoekom begin die spreker elke sin in strofe 2 met “Kom ons ...”? (1)**

**3.7 Die spreker is in beheer van haar emosies in strofe 3.**

**3.7.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? JA/NEE?**

**3.7.2 Haal 'n versreël aan wat dit bewys.** **(1)**

**3.8 Waarom sê die spreker hy en almal van sy ouderdom is 'n "vals noot"? Haal drie opeenvolgende woorde aan as antwoord.** **(1)**

**[10]**

**Vraag 4: "Klara Majola" (D.J. Opperman)**

Klara Majola

Klara Majola wou haar vader
toe die skemer sak, gaan haal
waar hy, die blinde, hout vergader,
maar Klara Majola het verdwaal.

Klein Klara Majola lê verkluim
in die Bokkeveld se bros kapok,
haar arms en bene bruin
en kromgetrek soos wingerdstok.

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger oor my uit die ruim,
maar nooit sal ek in die Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy verkluim.

D.J. Opperman

**4.1 Wat noem ons die rymskema in hierdie gedig?** **(1)**

**4.2 Wat noem ons die volgende beeldspraak?**

**a. "Klein Klara"** **(1)**

**b. "haar arms en bene bruin en kromgetrek soos wingerdstok."** **(1)**

**4.3 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit deur een versreël uit die gedig aan te haal.**

**Klara se pa was baie lui.** **(1)**

**4.4 Aan watter gebrek het Klara se pa gely?** **(1)**

**4.5 Haal twee woorde uit die gedig aan wat vir ons sê watter tyd van die dag**

**Klara haar pa wou gaan haal.** **(1)**

**4.6 Kies die antwoord wat die sin korrek sal voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**Die Bokkeveld is baie _____ gedurende die winter.**

**A. warm**
**B. aangenaam**
**C. koud**
**D. winderig** **(1)**

**4.7 Voltooi die volgende paragraaf deur woorde uit die woordblok te gebruik. Skryf net die nommer en woord neer as antwoord.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **doodgevries** | **sneeu** | **reën** | **doodgeval** | **heldin** |
| **lafaard** | **sonskyn** | **wit meisie** | **bruin meisie** | **druiwe** |

**Klara Majola is 'n 4.7.1_____, want sy het in die 4.7.2_____ haar pa gaan soek. Dit het laat geword en Klara het 4.7.3_____.** **(3)**

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: [40] VERWERK NA [35]**

**SOMTOTAAL [70]**